NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

MODERATUURSKANTOOR: WES-EN-SUID-KAAPLAND

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaatsak X8
BELLVILLE
7535

TEL: 021-957-7155
FAKS: 086-524-7117
E-POS: skriba@kaapkerk.co.za

15 Oktober 2015

'n Brief aan al die gemeentes van die Sinode van Wes-en-Suid-Kaapland

Beste Suster/Broer in Christus

Die NG Kerk in Wes-en-Suid-Kaapland het nog altyd bekend gestaan as 'n ruim huis waar ons mekaar, ten spyte van 'n verskeidenheid van style en standpunte, wedersyds aanvaar en akkommodeer. Ons is 'n geloofsfamilie, wat ongeag 'n diversiteit van standpunte, mekaar omarm en vir mekaar ruimte gee.

Die besluite van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverbintenisse maak die geloofshuis waarin gemeentes saam woon, nou nóg ruimer. Party mense voel nou meer welkom as voorheen of dalk vir die eerste keer welkom. Sommige mense is baie dankbaar hieroor en sommige mense is uiters ontsteld hieroor. Laat ons onthou: ons bly 'n familie wat, ten spyte van ons onderlinge meningsverskille hieroor, mekaar vashou.

Die moderatuur wil met hierdie skrywe enkele opmerkings maak oor die implikasies van die besluit.

Met hierdie besluit word:

- erkenning gegee aan amptelike selfdegeslagverbintenisse;
- ruimte geskep vir persone wat binne amptelike selfdegeslagverbintenisse staan, om as proponente gelegitimeer te word;
- ruimte geskep vir predikante om (as hulle wil) ook selfdegeslagverbintenisse te bevestig. (Hier is dit belangrik om te onthou dat die reg om huwelike te bevestig, ’n bevoegdheid is wat ’n predikant van die staat ontvang. Die Sinode doen namens die predikant aansoek daarvoor. Ook by 'n burgerlike verbintenis tree die predikant effektief namens die staat op. Dit beteken dat predikante wat selfdegeslagverbintenisse wil bevestig hiervoor aansoek moet doen deur middel van die Sinode. Predikante kan dit nie met die bestaande bevoegdheid om huwelike te bevestig doen nie.);
- ruimte gegee aan kerkrade om hulle eie standpunte te formuleer en praktyke te reël.

Voorheen kon kerkrade hulle eie diskresie uitoefen oor die verkiesing van mense met 'n selfdegeslagoriëntasie tot die ampte van ouderling en diaken. Dit bly onveranderd.

Die nuwe besluit stel dit duidelik dat kerkrade die reg het om oor selfdegeslagverbintenisse hulle eie standpunte te formuleer en praktyke te reël. Dit is in ooreenstemming met die gees van nederigheid waarmee die Algemene Sinode die besluit aanbied en 'n erkenning van diverse standpunte onder gelowiges wêreldwyd oor die aangeleentheid. Kerkrade word dus nie in ’n bepaalde posisie of praktyk ingedwing nie. Kerkrade hoef ook nie inderhaas besluite hieroor te

neem nie. Trouens ons wil vra dat kerkrade en lidmate nie oorhaastig optree nie. Die besluit vra immers vir 'n “selfstandige soekproses” in die gemeente oor die aangeleentheid. Verder is dit so dat tot tyd en wyl die Handelinge van die Algemene Sinode (notule) elektronies beskikbaar is, die besluite van 2007 en 2013 nog geld.

Hierby aangeheg is 'n kort videosnit (http://www.bybelmedia.org.za/sinode/) wat gemaak is van die Moderator en Assessor van die Algemene Sinode se gesprek oor die besluit. Die besluit van die Algemene Sinode word ook aangeheg asook 'n pastorale brief waarin die besluit verduidelik word. Ons versoek dat, indien moontlik, hierdie videosnit Sondag in die erediens vertoon word en/of die pastorale brief voorgelees word. Ons wil ook vra dat u dít (en ook hierdie skrywe) op ander maniere beskikbaar maak aan lidmate.

Verder sal daar teen volgende week Bybelstudie- en gespreksmateriaal oor 7 relevante teksgedeeltes beskikbaar gestel word om in gemeentes te gebruik. Die Sinodale Taakspan vir Leer- en Aktuele Sake beplan, in samewerking met die Fakulteit Teologie op Stellenbosch, 'n dagkonferensie op 12 November oor hierdie aangeleentheid. Spesifieke inligting hieroor sal later bekend gemaak word.

Ons wil u herinner aan Galasiërs 5:6 - *"In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan".* Ons geloof en verbondenheid aan Jesus Christus oorspan alle verskille. Ons het nog altyd vir mekaar ruimte gegee om te verskil. Laat dit nie nou anders wees nie.

Mag die Here u seën met wysheid in die hantering hiervan. Ons bid vir u.

Die Moderatuur:
Nelis Janse van Rensburg, Frederick Marais; Elize Morkel; Melanie Thirion; Frik Bosman; Tinus van Zyl; Bossie Minnaar; Leon Venter; Quintus Heine; Charl Stander.